

Prof George Claassen

George Claassen (MA, DLitt et Phil) was 'n lid van die stigtersredaksie van Beeld in 1974, en tot 1982 'n ondersoekende joernalis by die koerant. Boeke wat hy geskryf het, is onder meer 'n Historiese Blik op die Lae Lande (1983), When Beggars Die ('n roman, 1988), en, as medesamesteller, Taalverskeidenheid 'n Blik op die Spektrum van Taalvariasie in Afrikaans (1986) en Die Groot Aanhalingsboek (1998).

Hy het vier jaar as navorser by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) in Pretoria gewerk en is 'n voormalige hoof van die Departement Joernalistiek aan die Tshwane Universiteit vir Tegnologie (1989-1992) en die nagraadse Departement Joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch. In 1988 het hy 'n beurs vir buitelandse navorsing van die RGN ontvang en as besoekende navorsingsgenoot opgetree by die Universiteit van Wisconsin-Madison waar hy die Amerikaanse media se persepsie oor Suid-Afrika, soos weerspieël in 'n aantal koerante, nagevors het.

In 1992/1993 het hy 'n omvattende ontleding gedoen van Amerikaanse streek- en gemeenskapskoerante as deel van 'n RGN-beurs vir gevestigde navorsers. Sedert 2001 is hy adjunkredakteur van Die Burger in Kaapstad. Hy het geruime tyd 'n weeklikse rubriek, Wetenskap Vandag, in die koerant gepubliseer. In 2002 is hy aangewys as interne ombudsman van Die Burger . Hy is 'n lid van die internasionale Organisation of Newsombudsmen (ONO).

Hy het verskeie referate by internasionale konferensies in New York, Londen, Kaapstad en ander plekke gelewer, en in 2003 opgetree as paneellid in 'n bespreking oor wetenskaponderrig by die internasionale Menslike Genoom Konferensie by Spier, buite Stellenbosch.

Tussen 1995 en 2005 was hy lid van die redaksionele raad van verskillende vakwetenskaplike tydskrifte soos Communicatio en Ecquid Novi. Sy navorsing is ook gepubliseer in ander portuur-geëvalueerde vakwetenskaplike tydskrifte soos Historia, die South African Theatre Journal, die Cardiovascular Journal of South Africa, Contree, die Tydskrif vir Geesteswetenskappe en ander.